

HOOGTEPUNTE IN DIE ONTWIKKELING VAN DIE PLAASLIKE KUNSMISNYWERHEID

C P van der Merwe — Omnia Kunsmis Beperk

Inleiding

Die doel van die kunsmisbedryf is om die elemente, hoofsaaklik stikstof (N), fosfaat (P) en kalium (potas) (K) wat noodsaaklik is vir die groei van plante ekonomies te ontgin en te verwerk na 'n vorm wat deur die plant opgeneem kan word en wat maklik hanteer, vervoer, geberg en tot die grond toegevoerd kan word.

Enige beskouing van die ontwikkeling van die kunsmisbedryf gaan dus oor die ontwikkelings wat oor die jare plaasgevind het om die genoemde doelwit te bereik en terselfdertyd in die vraag na hierdie produkte te voorsien.

Die ontwikkeling van die plaaslike bedryf strek oor 'n tydperk van agt dekades, beginnende in 1904. Gedurende die tydperk kon binnelandse vervaardigers deur volgehoue ontwikkeling daarin slaag om die landbou toenemend onafhanklik te voorsien met produkte waarvan die fisiese en chemiese eienskappe en plantvoedselinhoud voortdurend verbeter is. Die koste van die produkte het in verhouding tot die koste van baie ander landbou insette, en ook sommige landbouprodukte goedkoper geword.

Produksiekapasiteite van finale korrelprodukte is uitgebrei tot 'n vlak waar nie alleenlik in al die plaaslike behoeftes voorsien kan word nie maar produk ook voorsien kan word op die uitvoermark.

Op die gebied van fosfate is produksiekapasiteit daargestel tot 'n vlak waar groot hoeveelhede uitvoer kan word en waardevolle buitelandse valuta verdien word.

As gevolg van volgehoue navorsing en ontwikkeling, veral deur die Misstofvereniging maar ook deur individuele maatskappye kan die bedryf vandag grootliks voorsien aan die wetenskaplike en ekonomiese inligting t.o.v. die gebruik van sy produk en lewer 'n volledige landbouvoorligtingsdiens.

Die Suid-Afrikaanse verbruiker van kunsmis is reeds oor ongeveer die laaste 25 jaar in die bevoorregte posisie dat die bedryf vir hom in 'n baie groot mate 'n volledige "een stop" diens kan lewer t.o.v. die lewering en gebruik van kunsmis. Hierdie diens is ongetwyfeld van die beste in die wêreld.

Stadiums in die ontwikkeling

'n Studie van die geskiedenis van die ontwikkeling van die nywerheid lei tot die gevolgtrekking dat daar rofweg 5 verskillende stadiums in die ontwikkeling was nl.

- Die periode tot ongeveer 1920 waartydens hoofsaaklik invoer is maar ook die eerste kunsmisaanleg in bedryf gestel is.
- Vanaf 1920 tot 1930 is eie produksie van superfosfate uitgebrei en 'n aantal vermengingsaanlegte opgerig wat hoofsaaklik ingevoerde grondstowwe vermeng het.
- Vanaf 1930 tot ongeveer 1950 was daar 'n periode van relatief min ontwikkeling, stagnasie in die nywerheid en tekorte het ontstaan.

- Aansienlike ontwikkeling en uitbreiding in kapasiteit het plaasgevind vanaf 1950 tot die laat sestigs.
- 'n Tydperk van rasionalisasie, groot vooruitgang op tegnologiese gebied en aansienlike groei het vanaf ongeveer 1970 plaasgevind.

Dit is uiteraard onmoontlik om al die feite en interessante in 'n referaat van hierdie aard weer te gee en dus word slegs enkele hoogtepunte van elke stadium bespreek. 'n Opsomming van die geskiedenis word egter ingesluit.

Periode tot ongeveer 1920

(Invoere en die eerste plaaslike kunsmisproduksie)

Landbou-aktiwiteit was tot die laat 1800's en vroeë 1900's hoofsaaklik beperk tot die kusgebiede van die Kaap en Natal. Die eerste invoere van kunsmis was so teen 1890 toe Fisons superfosfaat begin invoer het.

Die eerste kunsmisfabriek in Suid-Afrika is in 1904 deur die South African Fertilizer Co (SAFCO) onder leiding van Mnr. A G May te Umbilo, Natal opgerig. As grondstof is hoofsaaklik beenmeel gebruik. Swaelsuurproduksie met die ou loodkamerproses het in 1905 'n aanvang geneem en superfosfate is geproduseer. Op aansporing van die Regering is goedkoop vrugtariewe ingestel tussen Europa en Suid-Afrika. Dit het invoere teen lae pryse aangemoedig en die eerste kunsmisfabriek kon nie met die goedkoop ingevoerde produk meeding nie en staak produksie in 1910.

Ten 1914 was die totale kunsmisverbruik ongeveer 40 000 ton per jaar. Die prys van superfosfaat was ongeveer £4 per ton en die van "mieliekunsmis" £7 per ton.

Wetgewing ten opsigte van kunsmis in Suid-Afrika is vir die eerste keer in 1907 gepromulgeer met "The Fertilizers, Farm Foods, Seeds and Pest Remedies Act of the Cape of Good Hope (Act no 20 of 1907)". Hierdie wet is herroep met "Act 21 of 1917" wat dit verpligtend gemaak het dat kunsmis wat bedoel is vir verkoop eers geregistreer moet word by die Departement van Landbou. Hierdie wet was die eerste poging in Suid-Afrika om 'n mate van beskerming te bied aan die boer en bona fide verkoper van kunsmis. Die regulasies wat as gevolg hiervan gemaak is, kon nietemin nie een baie ongunstige verskynsel uit die weg ruim nie. Kunsmis is naamlik onderskei deur dit die name van spesifieke gewasse te gee en sonder om te verwys na enige tekorte wat in die grond aanwesig kon wees. So is daar toe ongeveer 360 verskillende mengsels geregistreer wat name soos Garden mixture, Maize mixture, Tea mixture, Vegetable Special, Special Potato no 1, ens.

1920 - 1930 Aanvanklike nywerheidsontwikkeling

Die aanvanklike nywerheidsontwikkeling van kunsmis kan direk toegeskryf word aan mynbou en gevolglik die ontwikkeling van die plofstofbedryf.

In 1919 het Kynoch by Umbogintwini in Natal 'n aanleg opgerig wat superfosfaat vervaardig het uit ingevoerde rotsfosfaat en swaelsuur, afkomstig van gebruik in die plofstofvervaardigingsproses.

In 1921 rig Cape Explosives 'n soortgelyke aanleg op te Firgrove, Somerset Wes. Vir 40 jaar was hierdie 2 aanlegte, met die nodige uitbreiding en modernisering, die enigste superfosfaat-fabrieke in die land. Nieteenstaande die feit dat hierdie fabrieke superfosfaat geproduseer het, is kunsmis nog ingevoer, hoofsaaklik uit Holland (deur Albatros) en Engeland (Fisons) en was hierdie fabrieke steeds nie winsgewend nie omdat die ingevoerde kunsmis se prys nog steeds baie laag was.

Gedurende die eerste wêreldoorlog is 'n tekort aan ingevoerde kunsmis ondervind en is toenemend besef hoe belangrik eie produksie van kunsmis is teneinde in die toenemende voedselbehoefes van 'n groeiende bevolking te voorsien. Dit het gelei tot 'n toename in die vraag na kunsmis. Langs die kus in die omgewing van Kaapstad en Durban het 'n aantal droë vermengingsaanlegte tot stand gekom. Benewens die twee genoemde basiese fosfaatvervaardigers was die volgende maatskappye by hierdie ontwikkelinge betrokke: Fisons, SAFCO, Bullbrand, Websters, later gevolg deur Windmeul, Netherlands, Atlantic, Union organic en Bisley. In 1930 het die Hollandse maatskappy, Windmill, homself in Durban gevestig en hoofsaaklik ingevoerde kunsmis verkoop.

1930 - 1950 Periode van stagnasie en tekorte

Vanaf die dertigerjare was die groei in die kunsmisbedryf maar traag, hoofsaaklik vanweë droogtes, plaë en 'n wêrelddepressie. Dwarsdeur die wêreld was daar oorskotte. Die superfosfaataanlegte van Kynoch en Cape Explosives wat intussen onder die beheer van African Explosives & Chemical Industries (AECI) saamgesmelt het tot Kynoch-Capex het 'n moeilike tyd deurgemaak. As hulpmaatreël om kunsmis verkoop te kry is 'n spoorvragabatstelsel deur die owerheid ingestel.

Tydens die tweede wêreldoorlog was skeepstekorte vir etlike jare vir 'n tekort aan ingevoerde rotsfosfaat uit Morokko en superfosfaat uit Holland verantwoordelik. Pryse het drasties gestyg en in Januarie 1942 het die Regering dit nodig gevind om pryse deur middel van prysbeheer te stabiliseer.

Die regering het ook die ongeveer 360 mengsels op die mark beperk tot slegs 8. Die $N + P_2O_5 + K_2O$ inhoud is op 'n minimum van 16% vasgestel, m.a.w. 'n minimum van 10% $N + P + K$, en hierdie persentasie moes op die sak aangedui word.

Die kunsmisposisie het as gevolg van die verminderde invoere sodanig verswak dat daar 'n uiterste tekort ontstaan het en is rantsoenering van misstowwe ingestel. Rantsoenering van kunsmis is eers in 1953 opgehef.

Die fosfaatvoorsieningsposisie is gedurende 1943 aansienlik verlig toe African Metal Corporation Ltd (AMCOR) 'n fosfaatneerslag by Langebaan op die Kaapse Weskus begin ontgin en 'n veredelingsaanleg te Bellville in bedryf stel.

Gedurende die na-oorlogse jare het die voedselvoorsieningsposisie in Suid-Afrika kritiek geword. In 1946 was die land op die drumpel van voedselrantsoenering. Hierdie gebeurtenis het die belangrikheid en noodsaaklikheid beklemtoon om 'n binnelandse kunsmisbedryf te ontwikkel en die land selfversorgend te maak ten opsigte van grondstowwe. Van owerheidsweë is daar begin om die moontlike ontginning van fosfaatneerslae te ondersoek, veral aangesien Suid-Afrikaanse grond 'n groot tekort aan fosfate ondervind.

Die fosfaat voorsieningsposisie is in 1949 verbeter deurdat die bestaande fabrieke se kapasiteite uitgebrei is vanaf 400 000 ton tot 650 000 ton in 1951. Tekorte het egter nog voorgekom, hoofsaaklik a.g.v. swaelsuurtekorte.

1950 - 1970

Rantsoenering van kunsmis is eers teen die einde van 1953 beëindig. Die prys van superfosfate het egter baie gestyg a.g.v. wêreldwye prysverhogings. 'n Spoorvragabatstelsel is gevolglik ingestel. Die eerste wesentlike stap na 'n industrie wat onafhanklik sou wees van die invoer van fosfate was die registrasie van die Fosfaatontginningskorporasie (Foskor) in Augustus 1951, om die fosfaat neerslae in die Phalaborwa omgewing te ontgin en te verryk. Foskor is deur die Staat deur bemiddeling van die Nywerheidsontwikkelingskorporasie tot stand gebring. Die eerste besending rotsfosfaat is in 1955 aan AECI op Umbogintwini gelewer.

Die fosfaatneerslag by Phalaborwa is van vulkaniese oorsprong en van die laagste graad erts in die wêreld, en daar is aanvanklik byna onoorkombare probleme ondervind met die verryking daarvan. Deur volgehoue navorsing en ontwikkeling is die prosesse sodanig verbeter dat die produkwaliteit teen 1957 heeltemal aanvaarbaar was, en is die produk gelewer aan AECI, Fisons en ook aan Transvaal Gold Mining Estates Ltd op Pelgrimsrus om superfosfaat te produseer.

Die Suid-Afrikaanse Steenkool, Olie en Gaskorporasie (SASOL) het in 1950 ook deur bemiddeling van die Staat tot stand gekom.

Die eerste kommersiële neweproduk wat SASOL gelewer het was ammoniumsulfaat in 1955.

Yskor het ook kort daarna ammoniumsulfaat as neweproduk begin produseer.

African Metals Corporation (AMCOR) het intussen met die vervaardiging van 'n behandelde fosfaat, wat 18% P_2O_5 en 13% MgO bevat begin by Kookfontein in die Transvaal.

Die totstandkoming van FOSKOR en SASOL het tot gevolg gehad dat Fisons in 1957 'n kunsmisfabriek op Sasolburg opgerig het — die eerste binnelandse fabriek wat superfosfaat en mengsels geproduseer het.

'n Ammoniakaanleg is in 1954 deur AECI op Modderfontein opgerig, hoofsaaklik om die plofstofbedryf te voorsien. Hier word teen 1959 begin om ureum te produseer en dit lei tot die ontwikkeling van 'n groot kunsmisproduksiekompleks in die omgewing.

Hierna het die ontwikkelingstempo aansienlik versnel en verskeie fabrieke is opgerig.

Die Misstofvereniging van Suid-Afrika is in 1959 gestig om na die belange van die industrie om te sien en veral te konsentreer op navorsing en ontwikkeling. Die geskiedenis van dié vereniging is 'n storie op sy eie!

Na agitatie deur die droë mengfabrieke in die vyftiger jare vir 'n groter winsmarge op fosfate het Fisons, Windmeul en SAFCO 'n ondersoek gedoen en aanbevelings aan die owerhede gemaak. Dit het gelei tot die vasstelling van 'n nuwe basiese pryskontroleformule.

Kunsmisverbruik het in 1961 reeds een miljoen ton bereik.

In 1961 is 'n komitee van ondersoek na die kunsmisbedryf deur die Staat aangestel onder voorsitterskap van dr D P du T Viljoen. Hierdie komitee moes die rasionalisasie van die kunsmis-

bedryf ondersoek en het belangrike aanbevelings gemaak wat vërreikende gevolge gehad het op verdere ontwikkeling.

'n Hele aantal van die vroeëre droë mengfabrieke het van die toneel verdwyn of is deur die groteres oorgeneem. So bv. is SAFCO en Nederlands deur Fisons oorgeneem, alles met goedkeuring van die staat.

Een derde van die binnelandse fosfaat is toegeken aan Federale Volksbeleggings (FVB) vir die oprigting van die eerste fosforsuuraanleg te Phalaborwa, en een derde aan Fisons en AECI elk.

FVB en Fisons het uiteindelik in 1962 'n gesamentlike projek (Bosveld Kunsmis) aangepak vir die produksie van fosforsuur op Phalaborwa en AECI het sy eie aanleg op Chloorkop opgerig, en ook 'n gedeelte van sy Umbogintwini aanleg ver skuif na die binneland.

Surplus swaelsuur van die goud- en ander myne het 'n baie belangrike rol gespeel as grondstof in die produksie van oplosbare fosfate.

Windmeul Kunsmis het intussen ook in 1964 'n aanleg op Sasolburg opgerig vir die vervaardiging van superfosfate, nitrofosfate en korrelprodukte.

Triomf kom as onafhanklike maatskappy in 1967 tot stand en rig 'n nuwe ten volle geïntegreerde aanleg by Potchefstroom op.

Omnia tree intussen ook tot die mark toe en rig 'n verkorrelingsaanleg, te Sasolburg op, wat later uitbrei met die toevoeging van superfosfaatproduksie, fosforsuurproduksie op Rustenburg en in 1968 ook die produksie en verspreiding van vloeibare kunsmis.

Teen 1969 was die land totaal onafhanklik van die invoer van fosfate en kon FOSKOR in al die behoeftes voorsien.

Die ontwikkeling van die stikstofkant was aanvanklik net soos in die geval van fosfate ten nouste gekoppel met die plofstof-bedryf.

SASOL stel egter in 1964 'n ammoniak- en kalksteenammuniumnitraat aanleg op Sasolburg in bedryf en Fisons volg met 'n soortgelyke kompleks op Milnerton wat egter raffinaderygas as grondstof gebruik.

AECI rig ook 'n ammoniak- en ureumaanleg op Umbogintwini op met nafta en raffinaderygas as grondstof.

'n Ammoniak terminaal is deur Hill en Hahn in Lourenco Marques (Maputo) opgerig wat nou ook invoere na die Republiek moontlik gemaak het.

In 1969 smelt Windmeul, Fisons en Bosveld saam nadat FVB eerstens in 1968 vir Windmeul (later Optichem) oorgeneem het en Fedmis kom tot stand.

'n Verdere fosforsuuraanleg word in 1970 deur AECI te Somerset-Wes in bedryf gestel, en 'n stadium word bereik waar die ernstige tekorte van vroeër in 'n surplus omskep is, en aansienlike hoeveelhede kon uitgevoer word.

1970 - 1980's — Tydperk van rasionalisasie, tegnologiese ontwikkeling en volgehoue groei.

In die vroeër sewentigs was wêreldpryse van kunsmis aansienlik hoër as die binnelandse pryse en uitvoermoontlikhede baie aantreklik. Beide Fedmis (op Phalaborwa) en Triomf (op Richardsbaai) rig gevolglik groot aanlegte op vir die produksie van fosforsuur wat vir die uitvoermark bestem was.

Hierdie periode word veral gekenmerk deur groot vordering op tegnologiese gebied en die ontwikkeling en verbetering van vervaardigingsprosesse. So byvoorbeeld brei AECI sy kapasiteit aansienlik uit met die oprigting van 'n groot aanleg vir die vervaardiging van ammoniak met steenkool as grondstof asook verdere salpetersuur, ureum en KAN aanlegte. Foskor brei sy kapasiteit ook uit en maak groot vordering met die verbetering van verrykingsprosesse wat hom in staat stel om beide wat kwaliteit en prys aanbetref op die wêreldmark te kan meeding.

Fedmis rig die eerste aanleg in die wêreld op wat uit afval fosforgips, sement en swaelsuur produseer. Hierdie proses bring mee dat daar 'n besparing is tov die invoer van swael.

Omnia ontwikkel prosesse vir die vervaardiging van vloeibare misstowwe met nitrofosfate as grondstof en vestig homself as 'n wêreldleier op hierdie gebied.

Die drieledige ooreenkoms tussen die drie groot vervaardigers en bemakers van die vroeë sestigs (Fisons, Windmeul en AECI) wat 'n uitvloeisel was van die Vijoenverslag is in 1971 opgevolg deur 'n markverdelingsooreenkoms tussen Fedmis en Triomf.

Intussen kom Triomf en AECI ooreen dat AECI 'n minderheidsbelang in Triomf verkry en dat Triomf beheer oorneem oor AECI se gedeelte van hulle kunsmisproduksie wat betrekking het op fosfaat- en korrelproduksie te Umbogintwini, Somerset-Wes en Chloorkop. AECI behou beheer oor produksie van ammoniak en stikstofprodukte maar onttrek effektief uit die kleinhandelkunsmisemark.

Teen 1975 was daar 10 maatskappye en 21 fabrieke betrokke by die vervaardiging van kunsmis in een of ander vorm terwyl hoofsaaklik drie, teweete Triomf, Fedmis en Omnia in finale produk vervaardiging en bemaking betrokke was.

Bonus Kunsmis tree teen die middel sewentigs toe tot die plaaslike mark na die inbedryfstelling van 'n Salpetersuur en ammoniumnitraat aanleg in Swaziland en lewer hoofsaaklik hoëgraadse massavermengde produkte. Later vestig Bonus ook 'n vermengingsaanleg op Richardsbaai.

Fedmis brei gedurende hierdie tyd sy kapasiteit op Sasolburg verder uit met die toevoeging van 'n salpetersuur; ammoniumnitraat- en KAN aanleg.

Alle nuwe uitbreidings is in dié periode koördineer deur, en was onderhewig aan goedkeuring deur die Nuwe Nywerhede Komitee van die Regering.

Tekorte aan ammoniak wat verwag is word grootliks uitgewis deur die uitbreiding van SASOL met SASOL 2 en SASOL 3 wat groot hoeveelhede ammoniak lewer of sal lewer as neweproduk. Nuwe tegnologie bring mee dat hierdie aanlegte suiwer watervrye ammoniak lewer in stede van ammoniumsulfaat soos met SASOL 1 die geval was.

Die wêreldpryse van ammoniak bereik intussen laagtepunte en Fedmis kondig aan dat die groot ammoniakaanleg, met steenkool as grondstof, wat beplan was vir oprigting in die vroeë tagtigs op die langebaan geskuif word.

Die ammoniakterminaal in Maputo se kapasiteit is egter reeds in 1975 verdubbel en 'n ammoniakterminaal wat hierdie jaar beskikbaar sal wees word op Richardsbaai opgerig.

Enige plaaslike tekorte aan ammoniak sal dus geredelik met invoere aangevul kan word.

Om in die steeds toenemende behoeftes aan kunsmis te voorsien is verdere uitbreidings oa:

- (a) 'n Nuwe korrelaanleg word in 1982 deur Fedmis op Sasolburg in bedryf gestel.
- (b) 'n Groot verkorrelingsaanleg wat veral di-ammoniumfosfaat sal verkorrel word in 1983 deur Triomf in Richardsbaai in bedryf gestel.
- (c) Omnia bring ook in 1983 'n salpetersuur, ammoniumnitraat en verdere verkorrelingskapasiteit in bedryf.
- (d) Bonus verdubbel sy salpetersuur- en ammoniumnitraat kapasiteit in Swaziland.
- (e) Verskeie kleiner organisasies waaronder landboukoöperasies tree ook toe tot die vermenging en bemarking van beide droë en vloeibare produkte asook produkte van organiese oorsprong.

SASOL het ook intussen aangekondig dat hy direk tot die produksie en bemarking van finale produkte toetree en aanlegte wat oa salpetersuur, ammoniumnitraat en korrelprodukte produseer sal vroeg in 1984 op Secunda in bedryf kom.

Behalwe vir moontlike stikstoftekorte asook die feit dat die land vir sy potas behoeftes geheel en al van invoere afhanklik is behoort die binnelandse industrie met wat huidiglik in bedryf is en wat beplan word gereedlik in die binnelandse behoeftes te kan voorsien mits 'n mate van beskerming teen onvoorspelbare buitelandse invloede gehandhaaf word.

Faktore wat die ontwikkeling beïnvloed het

Vraag

Die grootste enkele faktor is uiteraard die vraag na die produkte wat die landbouer in staat sal stel om in die steeds toenemende vraag na voedsel te kan voorsien. Dit is 'n onderwerp op sy eie en hier word nie verder aandag daaraan gegee nie.

Die beskikbaarheid van grondstowwe

- Alhoewel van relatief laegraadse gehalte, bestaan daar ont-saglike fosfaatreserwes op Phalaborwa en dié feit gekoppel aan die tegnologiese vermoë om dit te ontgin en te verwerk het soos reeds aangetoon 'n baie groot invloed gehad op die ontwikkeling.
- Stikstof is gereedlik "uit die lug" beskikbaar maar die vervaardigingsprosesse verg baie energie en met stygende energiekostes binnelands kan ons nie gereedlik meeding met produkte uit lande waar die koste van dié energie (aardgas) uit berekening gelaat word as 'n insetkoste nie. Die beskikbaarheid egter van neweprodukte uit veral SASOL en Yskor, raffinaderygas asook steenkool het 'n groot invloed gehad en die industrie instaat gestel om gereedlik te ontwikkel.
- Kalium (potas) is nie binnelands beskikbaar nie en die land is totaal afhanklik van invoere. Vanaf die na-oorlogse jare is daar egter nog nie wesentlike probleme ondervind met die invoere nie.
- Swaelsuur wat vir die behandeling van fosfaatrots benodig is moet nog gedeeltelik aangevul word deur produksie van swaelsuur uit ingevoerde swael, en die land is nie geheel onafhanklik van ingevoerde swael nie.

Die ontwikkeling van die myne en plofstofbedryf

Soos reeds aangetoon het die kunsmisindustrie deurgaans hand-aan-hand met die ontwikkelings op die gebied van plofstowwe gepaard gegaan.

Dit is hoofsaaklik toe te skryf daaraan dat swaelsuur, wat vir die behandeling van fosfaatrots nodig is, as afvalprodukt uit die vervaardiging van plofstowwe beskikbaar was asook die feit dat veral nitrate ook in die vervaardiging van plofstowwe gebruik word.

Die beskikbaarheid van swaelsuur uit die goud-, koper- en platinamyne het die vestiging van fosfaatbehandelingsaanlegte ook gereedlik stimuleer.

Die rol van die owerheid

Dwarsdeur die geskiedenis van die ontwikkeling van die kunsmisbedryf, het die owerheid hetsy deur direkte maatreëls hetsy deur indirekte invloed deur staatskorporasies, die Nywerheidsontwikkelingskorporasie ens die grootste enkele invloed gehad op die ontwikkeling van die industrie.

Die onderwerp verg 'n bespreking op sy eie maar ons kan hier volstaan deur die kommentaar dat die Regering na die tekorte van kunsmis in die jare 1940 - 1950 en die kritieke voedselposisie in 1946 die binnelandse ontwikkeling oor 'n baie wye front gestimuleer en gekoördineer het.

Verskeie komitees en rade het van tyd tot tyd ondersoeke geloods en verslae gepubliseer. So byvoorbeeld het die Viljoen komitee se aanbevelings gelei tot oa rasionalisasie wat ongetwyfeld stabiliteit en volgehoue groei in die hand gewerk het. 'n Komitee van ondersoek na die kunsmisbedryfstak onder voorsitterskap van Prof C W I Pistorius is in 1979 deur die Kabinet aangestel. Die verslag is in 1982 voltooi.

Laagtepunte

Daar kan seker nie oor hoogtepunte besin word sonder dat daar na laagtepunte gekyk word nie.

Na aanvanklike groei in die jare twintigs is daar in die jare net voor die tweede wêreldoorlog hoofsaaklik gesteun op relatief goedkoop invoere en het die plaaslike industrie stagneer. Dit het op sy beurt gelei tot die krisis van die na-oorlogse jare tov tekorte.

Deur die maatreëls wat reeds genoem is het die industrie vanaf 1950 gekoördineerd gegroei en ontwikkel onder 'n prys- en beheerstruktuur wat alhoewel nie baie aantreklik nie tog belegging gestimuleer het.

Met die vasstelling van pryse egter vir 1982 kondig die Kabinet 'n arbitrêre prysverhoging van slegs 10% aan wat die maatskappye laat met pryse wat onvoldoende is om stygende kostes te verhaal. Hierdie aksie, tesame met die toestemming aan die Mielieraad om ureum in te voer in ruil vir mielies, ongekende hoë rentekoerse, hoë inflasie, die kritiese droogte van 1982/1983, onduidelikheid oor die toekomstige beleid tov 'n vryer mark-georiënteerde ekonomie en agitatie oor 'n wye front oor sogenaamde hoë insetkoste van die landbou lei tot 'n huidige situasie wat sekerlik in die geskiedenis opgeteken sal word as 'n laagtepunt van ongekende omvang. Die 'industrie kan met reg vra — waarheen nou?

DEVELOPMENT OF THE FERTILIZER INDUSTRY — SUMMARY

In a paper presented at the recent annual general meeting of Fertilizer Society of South Africa in Cape Town Mr C P van der Merwe of Omnia gave a detailed exposition of the fertilizer industry's development.

The industry's development spanned a period of eighty years, beginning in 1904. During this period manufacturers in the interior managed to stay abreast of the ever-increasing demand, while improving the quality of the fertilizer products. The cost of fertilizer in relation to the costs of other inputs in agriculture and of certain produce actually decreased.

Production capacities of final granular products were extended to such a degree that exports became possible. This also applies to phosphates.

As a result of continued research and development, especially by the FSSA, but also by individual fertilizer companies the industry today can meet the need for scientific and economic guidance in the use of fertilizers.

The South African fertilizer consumer has for the past 25 years been in the privileged position of a 'one-stop' service from the industry, one of the world's best.

Referring to slumps and crises in the industry Mr van der Merwe quoted the stagnant period immediately prior to World War II when the industry relied mainly on cheap imported fertilizer. This led to serious shortages in the post-war period.

He said that with the fixing of the 1982 fertilizer prices the Cabinet had arbitrarily allowed only a 10% price increase which was insufficient to cover costs. This, plus Maize Board's barter transaction of maize for urea, together with high interest rates, high inflation rates, the critical drought, uncertainty about future policies regarding a market-orientated economy, all had contributed to what must now be regarded as an unheard of low.

The industry might well wonder in which direction it should next move concluded Mr van der Merwe.
